JW.ORG™

Laai hierdie PDF af by www.jw.org/af

# Josef in Egipte

GENESIS HOOFSTUKKE 39-40

Kies aktiwiteite na gelang van jou kind se behoeftes en belangstellings. Bespreek die aktiwiteite as 'n gesin.





## LEES GENESIS HOOFSTUKKE 39-40

Lees dan die Bybelse prenteverhaal (aanlyn of van 'n gedrukte PDF) en bespreek die vrae aan die einde van die les.

**PROBEER DIE VOLGENDE:** Laat jou kinders hierdie verslag in 'n nuusberig verander. Vra hulle om oor die gebeurtenis berig te lewer en om denkbeeldige onderhoude met die hoofkarakters en ooggetuies te voer.

Julle kan luister na 'n Engelse klankdrama van hierdie verhaal met die titel "Preserving Life in Time of Famine". Hierdie klankopname sluit ook die gebeure in wat in toekomstige prenteverhale gedek sal word. Laai dit af by www.jw.org. Kyk onder PUBLICATIONS > DRAMAS.

## NOG AKTIWITEITE OM TE DRUK



### PRET MET PRENTE

**WAT IS VERSKILLEND?** Lees weer Genesis 40:16, 17. Laat jonger kinders dan die drie verskille tussen die twee prente vind, hulle antwoorde neerskryf en die regte prent inkleur.



### STUDIE-AKTIWITEIT

**WATTER OOREENKOMSTE IS DAAR?** Laat ouer kinders die leidrade lees en dan die ooreenkomste tussen Josef en die ander Bybelkarakters neerskryf.



### VERSAMEL EN LEER

**BYBELKARAKTERKAART:** Lees die profiel. Vra die vrae op die kaart. Gebruik hierdie kaart en die ander kaarte wat jy het en help jou kind om Bybelkarakters uit te soek wat in die boek Genesis verskyn. (Wenk: Genesis dek gebeure tot die jaar 1657 VHJ.)

www.jw.org/af © 2013 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania